



CHRISTINE VAN WYK TOERE
vir die fynproewer

CHRISTINE VAN WYK-TOERE

(EDMS) BPK
REG NR 94 01824/07

Oktober 2021

RUSLAND I MET PASSIESPEL

14 Junie – 1 Julie 2022

TOERPROGRAM

Junie

Di 14

JOHANNESBURG

Toerlede vertrek op **14 Junie 2022** om **19:25** met **Swiss Air (vlug LX 289)** vanaf die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** na **Zürich**.

Wo 15

ZÜRICH – OBERAMMERGAU

Ons vlug land **06:10** in **Zürich** waarvandaan ons per bus na **Oberammergau** reis.

Hierdie eg-Beierse dorpie is wêreldberoemd nie net weens die **Passiespel** nie, maar ook as gevolg van die pragtige muurskilderye, ongelooflike houtsnewerk en blommeprag in die dorp. Oberammergau is ook 'n gewilde wintersport- en kuuroord en is 'n paradys vir natuurliefhebbers. Ons gaan vir twee nagte in die omgewing van Oberammergau tuis.

Do 16

OBERAMMERGAU

Daar is 'n gratis pendeldiens beskikbaar vanwaar ons oornag tot in die sentrum van **Oberammergau**. Vanoggend is daar genoeg tyd om in hierdie bekoorlike dorpie rond te stap en aandenkings te koop of die Passiespel-museum te besoek. Die hoogtepunt van ons toer, die bywoning van die **Passiespel**, begin om **14:30**. Aandete word tydens pouse in een van die plaaslike restaurante of gastehuse bedien. Die tweede toneel begin om **20:00** en duur tot **22:30**.

Vr 17

OBERAMMERGAU – FÜSSEN – ZÜRICH

Na 'n verrykende ervaring vertrek ons vanoggend ná ontbyt via Füssen na **Zürich**. Ons besoek onderweg die omgewing van Neuschwanstein waar ons die sprokieskasteel van koning Ludwig II sien. Vanaand en die volgende twee aande oornag ons in Zürich, vanwaar ons daguitstappies in Switserland onderneem.

Sa 18

ZÜRICH (SWITSERLAND)

Indien die weer dit toelaat, besoek ons vandag of môre Lucern, waar ons moontlik met die berg Pilatus kan opgaan.

So 19

ZÜRICH (SWITSERLAND)

Ons geniet die platteland en van die kleiner dorpie in Switserland. Oornag en aandete by hotel.

Ma 20

ZÜRICH/FRANKFURT – MOSKOU

Na 'n heerlike ontbyt neem ons bus ons na Zürich-lughawe vanwaar ons om **12:25** met vlug **LX 1326** na die Domodedovo-lughawe in **Moskou** vertrek vir aankoms om **16:50**.

Ons Russiese gids wag ons op die lughawe in Moskou in en vergesel ons per bus na die MS Rublev, wat reeds in die hawe vasgemeer lê. Die Rublev is ons 'tuiste' vir die volgende tien dae.

Moskou is die hoofstad van Rusland, die grootste land ter wêreld. Hierdie eens magtige keiserryk is al 850 jaar oud en ontwikkel steeds binne 'n vinnig-veranderende politieke en ekonomiese klimaat. Moskou word beskryf as 'n stad wat bestaan uit 'n pragtige samesmelting van oud en nuut; vreemd en bekend; verval en sprankel!

Ná aankoms by die boot en registrasie by die ontvangs, kan ons uitpak en ontspan totdat aandete voorgesit word. Vir die res van ons verblyf op die boot word drie etes per dag verskaf.

So 21

MOSKOU

Vanoggend onderneem ons 'n **stadstoer** van Moskou. Daarna besoek ons die onbeskryflik mooi **ondergrondse metro-stasies** en die bekende **Arbat-sstraat** in Moskou vir inkopies.

Indien daar 'n vertoning is, kry toerlede vanaand die geleentheid vir 'n opsionele besoek aan die Moskouse sirkus. 'n Opsionele busuitstappie genaamd *Moscow by night* is ook beskikbaar en gewild onder toeriste.

Ma 22 MOSKOU

Ons ervaar iets van die Russiese argitektoniese kultuur- en kunsskatte tydens 'n besoek aan die **Kremlin**, setel van die Sowjet-regering en vroeëre paleis van die tsaars. Hierdie 25 hektaar ommuurde area huisves katedrale, paleise en administratiewe geboue, onder andere die Kremlinpaleis, die Katedraalplein, Iwan die Grote se Kloktoring en die Wapenkamer (*Armoury*), waar 'n besonderse versameling kroonjuwele en skatte van voormalige tsaars vertoon word. 'n Besoek aan die wapenkamer is by die toerprys ingesluit. Daar word ook tyd op die Rooiplein (400 m lank en 130 m breed), oftewel die hart van Moskou, deurgebring. Die St Basil (Basilius)-katedraal oorheers die een kant van die plein. Regs van die plein is die Kremlinmuur en voor die muur Lenin se musoleum van rooi en swart marmer.

Die boot vertrek om **16:00** na Uglich.

Let wel: Die volgorde van die program in Moskou kan verander.

Di 23 UGLICH

Uglich, wat uit 1148 dateer, is een van Rusland se mees geliefde stede. Die meeste uitstappies in Uglich konsentreer rondom die ou Kremlin met sy talle antieke geboue aan die waterfront. Aan die einde van die 16de eeu het Maria Nagaya, Iwan die Verskriklike se vrou, in ballingskap in die Kremlin van Uglich gewoon. Die fassinerende rooi Kerk van St Dmitry, wat ná die heiligverklaring van die vermoorde Tsarevich Dmitry gebou is, staan hier naby. Uglich se oudste gebou, die Paleis van Tsarevich Dmitry, is ook hier te sien. Ons vertoef ongeveer drie ure in Uglich. Die straatstalletjies is 'n fees vir die oog en ervaring het geleer dat aankope hier van die goedkoopste is. Die boot vertrek om **18:00** na Yaroslavl.

Wo 24 YAROSLAVL

Om **08:00** vanoggend arriveer ons in **Yaroslavl**. Ons onderneem 'n stadstoer deur hierdie 1 000 jaar oue handelstad wat oor 'n afstand van 26 km langs die oewer van die Wolgarivier lê.

Van die belangrikste besienswaardighede is die manjifieke Spassky-klooster en die Kerk van die profeet Elia, wat 'n unieke versameling ou Russiese muurskilderye (fresko's) huisves. Die handjievul manne wat vir besoekers in hierdie kerk sing, is iets wat 'n mens nooit vergeet nie.

Daar is ook geleentheid om tussen die straatstalletjies rond te drentel en eg-Russiese handwerk en aandenkings te bewonder of te koop.

Do 25 GORITSKY KIRILLO

Vandag het ons geleentheid om meer van Rusland se binneland te sien terwyl ons per bus na die nabygeleë **Goritsky Kirillo** ry. Dit is een van die interessantste stede van die Karelië-republiek. Die eenvoudige leefwyse van die inwoners is opvallend: Hulle leef van die grond af, elkeen met sy/haar eie groentetuintjie. Ons besoek onder andere die Belozerski-klooster, een van die grootstes ter wêreld. Straatstalletjies met snuisterye word volop aangetref.

Vr 26 KIZHI-EILAND

Hierdie klein eilandjie word via die Wolga-/Baltiese-kanaal bereik en is 'n fees vir die oog! Ons meer om ongeveer **14:30** by Kizhi vas. Veral die suidelike punt van **Kizhi-eiland** word gekenmerk deur talle kerke, kapelle, kloktorings, plattelandse huisies, graan- en ander skure en windmeulens – 'n versameling wat duidelik die styl en argitektuur van Noordelike Rusland uitbeeld. Die hele eiland is 'n opelugmuseum. Die 'Kerk van Verheerliking' met 22 houtkoepels is die toppunt van die Russiese sprokiesargitektuur!

Die boot vertrek teen **18:30**.

Sa 27 MANDROGY

Vandag beleef ons 'n ontspanne atmosfeer en leer ken ons meer van die Russiese platteland in **Mandrog**. Indien die weer dit toelaat, word ons met 'n tradisionele Shashlyk-braai in die buitelig onthaal, afgerond met eg-Russiese volksvermaak. Ons besoek ook toonkamers waar vroue tipiese Russiese handvlyt beoefen, soos die allerfynste kantwerk en die maak en verf van matrushka-poppies. Ons hou vanaand konsert en as die weer saamspeel, hou ons middernagfees op die bootdek om die middernagson te aanskou wat eers ná **23:00** ondergaan!

So 28 – Ma 29 (2 aande)**ST PETERSBURG**

Met 101 eilande, 66 kanale en honderde brûe is St Petersburg (of Leningrad, soos dit vroeër genoem is) een van die wêreld se elegantste stede! Die skoonheid lê in die vermenging van Oosterse en Westerse argitektuur en kuns. Vanweë die stad se ligging op 'n netwerk van riviere, eilande en die see, staan dit ook as die Venesië van die Noorde bekend.

Oor die volgende twee dae kry ons geleentheid om hierdie pragtige stad goed te verken. Ons begin met 'n begeleide **stadstoer** van dié merkwaardige stad en besoek o.a. die kolossale **St Isaac-katedraal** – 'n ongelooflike ingenieurswonder.

Ons besoek ook die internasionaal bekende **Hermitage-museum**. Hierdie museum bevat die grootste versameling kuns- en antieke werke ter wêreld, wat verklaar waarom dit as die 'Moeder van alle Kunsmuseums' bekend staan. Dit is slegs die Louvre in Parys en die Prado in Madrid wat met hierdie museum kan wedywer. Dié museum was vroeër die Winterpaleis, waar die laaste ses tsaars gehuisves is. Ons besoek **Peterhof**, een van die tsaars se weeldepaleise, met indrukwekkende tuine en 'n goue spuitfontein.

Een aand woon ons 'n **folklore-vertoning** by. Die kaartjies hiervoor is reeds by die toerprijs ingesluit. Daar is ook geleentheid vir 'n opsionele balletopvoering (indien daar 'n vertoning is).

Di 30 ST PETERSBURG – met aansluitingsvlug na JOHANNESBURG

Ons ontskeep ná ontbyt. U kan vir oulaas inkopies in die stad doen en ons sluit die toer af deur middagete in 'n eg-Russiese restaurant te nuttig. Na middagete neem ons bus ons na die lughawe in **St Petersburg** vir vlug **LH 1437** om **17:50** na **Frankfurt** (aankoms **19:45**) en van daar om **22:05** met vlug **LH 572** terug na **Johannesburg**.

Julie

Wo 01 JOHANNESBURG

Ons land vanoggend om **08:30** op die **O.R. Tambo-lughawe** ná 'n onvergeetlike toer- en lewenservaring.

NB: Die toerprogram is aan veranderings buite ons beheer onderworpe.